

PRO

VERITATE

INHOUD/CONTENTS

Nou Juis Die „Belydende Kerk”	1
Why Not The Christian Institute?	1
Inleidingsartikel/Editorial	5
Kersfeesoordenking	6
Geesteskwellinge	7
Christian and Human Relation in Rhodesia	10
Die Kerk Buite Suid-Afrika	13
Letters/Briewe	14
Request to Dr. J. D. Vorster	16
Verzoek aan Dr. J. D. Vorster	16

CHRISTELIKE MAANDBLAD VIR SUIDELIKE AFRIKA—CHRISTIAN MONTHLY FOR SOUTHERN AFRICA

December 15 Desember 1965

Jaargang IV, Nr. 8.

5c

Intekengeld R1 Subscription

Volume IV, No. 8

By die Hoofposkantoor as Nuusblad geregistreer.

Registered at the Post Office as a Newspaper.

NOU JUIS DIE „BELYDENDE KERK”

BEYERS NAUDE

In my vorige artikel het ek drie duidelike parallels tussen die situasie in die Duitsland van die Hitler-tyd en ons hier in Suid-Afrika aangetoon wat aanleiding gegee het o.a. tot die bekende Barmen-verklaring van 31 Mei 1934.

In hierdie verklaring van ses artikels waarin sekere grondwaarhede van die Skrif opnuut bevestig word, word ook op onmiskenbare wyse aangetoon watter valse leer verwerp word. Enigiemand wat homself op hoogte gestel het van die ware aard van die huidige stryd in die kerklike geledere in ons land, sal onmiddellik trefende ooreenkomste raaksien tussen die posisie aldaar en hier. Elke artikel bevat die bevestiging van 'n Skrifwaarheid met beroep op die Woord en 'n protes teen enige denkrigting of magsbeoefening wat 'n ander gesag as dié van die Woord in die leer en lewe van die Kerk wil laat geld. Is dit nie presies waarom die stryd in ons kerklike geledere tans gaan nie? Is dit nie die aanspraak wat gemaak word juis deur die klein groepie van Evangeliedienaars in ons Afrikaanse Kerke wat tans so aangeval en veroordeel word dat die boodskap en die gesag van die Woord bo all boodskappe en gesagsaansprake erken, beluister en gehoorsaam moet word nie?

Maar ek wil voortgaan en nog drie verdere punte van ooreenkoms aandui:

4. **Vreesaanjaging en Intimidasie:** Wie die kerklike en politieke situasie in Duitsland van die Nazi-tyd leer ken het, weet maar alte goed watter rol intimidasie en vrees gespeel het om die hele bevolking te laat konformeer met

die politieke gedagtegang en aksies van die Hitler-bewind. Let daarop dat in die begin dit 'n sporadiese verskynsel was wat deur

baie persone in leidende posisies of heftig ontken is of as 'n verskynsel van verbygaande aard gesien is. Stadig en ongemerk het dit deel geword van die daaglikse atmosfeer waarin mense geleef het en so is onbewus die sub-nor-

(Vervolg op bladsy 2)

WHY NOT THE CHRISTIAN INSTITUTE?

H. S. RAMAILA

One of the most puzzling phenomena in our present-day South Africa is the vicious onslaught upon the Christian Institute. The attacks have come from religious as well as secular sources. On the one hand ministers of the Dutch Reformed Churches are being discouraged from joining the Institute while on the other various segments of Afrikaner youth are strongly warned against its activities. To a non-South African visitor, who sees these attacks in newspapers and makes a personal investigation into the Institute's objectives, activities and printed material, the situation is most astounding. Such a visitor finds nothing more than groups of people engaged in Bible study and prayer with the sole objective of serving God and His Church more fully, and that printed matter contains help towards this end.

Perhaps there is a way of looking at the Christian Institute which may throw new light on its nature, and awaken sympathy in the hearts of those who read this article, even if they were actually or potentially against the Institute.

It is a well-known fact that South Africans pride themselves on being by and large a 'Christian' or 'religious' nation. Ministerial statements and periodic messages and pronouncements by top leaders have often contained claims that the policy and life of the entire country is 'under God' or based on 'Christian principles'. The Church is a respected institu-

tion in spite of its divisions, and Christian ceremonies are often held in conjunction with important state functions and — yes, one of our prime ministers was an ordained Christian pastor. One would therefore naturally expect that any religious undertaking or organization would receive immediate support and respect from those in authority, and from a whole cross-section of others regardless of their colour or political affiliation. But this has not been so in the case of the Christian Institute. Many wonder why and various suggestions have

(Continued on page 3)

Nou Juis die „Belydende Kerk”

(Vervolg van bladsy 1)

male (en later die abnormale) as die normale aanvaar — en goedgekeur. Hierdie proses het in Duitsland al die vorme aange- neem van verdagmaking met die oog op verwerping deur die hele gemeenskap, bedreiging van lewensonderhoud en lewensveilig- heid, optrede (ook van die kant van die owerheid) om „gevaar- like” denkers en sprekers stil te maak en stil te hou.

Is dit nodig dat ek die een voor- beeld na die ander moet noem van dergelike situasies in ons hui- dige samelewing in Suid-Afrika? Ek dink hier aan wat die meeste leraars en lidmate in ons Afri- kaanse Kerke wat gewaag het om 'n sterk standpunt op Bybelse gronde in te neem wat bots met die populêre politiek-rassesie- ninge van die dag ondervind het (en nog ondervind); ek dink aan die talle leraars en lidmate van die Ned. Geref. Kerk (moeder- sowel as dogterkerke), almal wetsgehoorsame burgers, wat persoonlik aan my gesê het dat hulle nie kan waag om hulle diep- ste Christelike oortuiginge oor dié omstrede vraagstukke uit te spreek sonder om gevaar te loop om hulle werk as predikante van hulle gemeente te verloor (in die geval van blanke leraars) of om op allerlei maniere, ook deur moontlike optrede van owerheids- weë, geïntimideer te word (in die geval van nie-blanke leraars). Nog onlangs het prof. Ben Marais in 'n brief in Die Kerkbode asook biskop Leslie Stradling — volgens 'n berig in 'n dagblad The Star, 23 Oktober 1965) na hierdie verskyn- sels verwys waar o.a. biskop Stradling gesê het dat sommige Bantoeleraars van sy Kerk hom meegedeel het dat die teenwoor- digheid van verklikkers in hulle gemeentes hulle ontmoedig om iets meer as 'n piëtistiese evange- lie te verkondig.

Dink verder aan die aksies teen persone wat op suiwer Christelike gronde hulle gewetensbesware teen die sondige en onheilige in ons apartheidsbeleid lug om hulle so gou moontlik uit kerklike, op-

KERS- EN NUWEJAARSWENSE

Namens die direksie en redaksie van ons blad wens ons al ons lesers toe 'n geseënde Kersfees en 'n vreugde- volle Nuwe Jaar en dank ons u vir u steun aan ons betoon in hierdie jaar.

CHRISTMAS AND NEW YEAR GREETINGS

On behalf of the Directors and the Editorial Board of our paper we wish all our readers a happy Christmas and a prosperous New Year, and we thank you for your support during the past year.

voedkundige en sosiale bestuurs- liggame uit-georganiseer te kry, onder dekmantel van die vrome verskoning dat hulle sieninge sodanige gevaar inhou dat blote assosiasie met hulle tot geestes- besmetting lei, hulle geestelik melaats maak — mense wat die merk van Kain dra (soos Dirk Richards dit in sy politieke kolom in Dagbreek van 29 November voorstel). Kan dit erger? Is dit 'n wonder dat sulke onverantwoor- delike meningsuitinge van lei- dende figure wat beter behoort te weet, ekstremiste aanspoor om met afkeurenswaardige taktieke voort te gaan ook in hulle optrede teen Evangeliedienaars wat uit suiwer Christelike oortuigings spreek en handel? As dit so voort- gaan voorsien ek dat nog meer leraars veral van ons drie Afri- kaanse Kerke (maar ook vanuit ons Engelse Kerke) gevaar loop om hulle gemeentelike of kerklike arbeid te verloor omdat hulle weier om hulle sielsoortuiginge te verloën.

5. **Sondige Stilswye:** In enige gemeenskap waar vrees en inti- midasie infiltreer en sy vernietig- gende werk verrig, spreek dit van- self dat duisende hulle angs gaan verberg agter stilte — ook in die aangesig van onreg. Kenners van die lewe in Nazi-Duitsland is baie uitgesproke op dié punt dat mil- joene Duitsers ten prooi geval het van hierdie stilswye uit vrees, veral waar dit die Jode se regte geraak het.

Ten einde die saak van die Na- sionaal-sosialisme te bevorder, was dit nie nodig om 'n aktiewe

aandeel in anti-Joodse maatreëls te neem nie, dit was genoeg om net stil te bly en voor te gee dat jy niks weet nie. Rabbi Dr. Joachim Prinz, 'n vorige president van die Amerikaanse Joodse Kongres, het by geleentheid van die Burgerregte-opmars na Washing- ton, dit gesê: „Toe ek die Rabbi van die Joodse gemeenskap in Berlyn onder die Hitler-bewind was, het ek baie dinge geleer. Die belangrikste ding wat ek onder daardie omstandighede geleer het was dat dweepsug en haat nie die belangrikste probleem is nie. Die dringendste, die veragtelikste, die skandelikste en mees tragiese is stilswye. 'n Groot volk wat 'n groot beskawing geskep het, het 'n nasie van stilswyende toeskouers geword.” Hierdie siening word bevestig deur die bely- denis van die laaste Sinode van die Belydende Kerk in Oktober 1943 aan die gemeentes gerig soos volg: „Laat ons berouvol er- ken: Ons Christene is medeskul- dig aan die minagting en vedraai- ing van die heilige verordeninge. Ons het baie keer geswyg, ons het te min of gladnie daarvoor opgekom dat die heilige verorde- ninge van God onvoorwaardelik moes geld nie.”

Wanneer ons aan Suid-Afrika dink, wil ons gladnie die valse beeld probeer skep dat iemand slegs Christelik handel wanneer hy daarvoor pleit dat die regma- tige aspirasies van die nie-blankes erken en oorweeg moet word of slegs wanneer hy protesteer teen onreg wat die nie-blankes aangedoen word nie. Christelik handel beteken dat alle onreg teen wie ookal, teëgestaan en ver- oordeel moet word (dus ook on- reg teen blankes gepleeg), en dat alle regmatige aspirasies van wie ook al erken en oorweeg moet word. Maar in ons situasie vandag is ons almal bewus daar- van dat daar 'n sondige en ge- vaarlike stilswye by duisende blankes ingetree het oor basiese onreg wat ons in die naam van Christelikheid en beskawing aan nie-blankes aandoen — en dit omdat die blankes gesien het wat met diegene gebeur wat gewaag het om uit Christelike oortuiginge sodanige onreg te veroordeel en te wys tot watter noodlottige ge- volge dit uiteindelik kan lei. Is

(Vervolg op bladsy 4)

Why not the Christian Institute?

(Continued from page 1)

been given in the newspapers. Indeed, why not the Christian Institute?

'CHRISTIAN ACTION' IN THE U.S.A.

In the first place South Africa is by no means the first country to launch into some such Christian endeavour. Realising the power derived from Christian unity, many countries have embarked upon ventures similar to the Christian Institute. In the United States an organization known as 'Christian Action' (not to be confused with 'Christian Action' in England), came into being in 1951 after a vigorous meeting at Howard University, Washington D.C. It caught the imagination of American Christians and in little more than three years it had spread rapidly into 42 states and nine countries outside the U.S.A. Why the enthusiasm? Well, American Protestantism had quickly realized the changing nature of problems of the atomic era and its more complex Christian responsibilities, and responded accordingly.

The meeting at which 'Christian Action' was founded expressed its aims and objectives in adopting a statement of principles which amongst other things stated: "We are a group of Christians . . . seeking to discern the judgement of God upon ourselves and . . . to fulfill our common responsibilities under God . . . We believe that the Gospel of Jesus Christ summons us to face fearlessly the political, economic and social realities of our times, and to act responsibly for the healing of the whole man and society". The statement goes on in more specific terms to declare that "the Gospel impels us to work together for a responsible society . . . which will give each person and group a fair and equal opportunity to develop his potentialities". Christian Action further stated its conviction that its purposes must be accomplished through the churches, because "The true church is God's

instrument, properly transcending class, racial, and national loyalties".

SIMILARITY

Now any member of the Christian Institute who for the first time reads this statement on the principles for which Christian Action stands is bound to be forcibly struck and even astonished by the similarity between that organization and the Christian Institute. Non-Members who compare Christian Action and the Institute will realize that God is at work in similar ways in countries with similar problems. It would be good for all, members and non-members alike, to remember that unity belongs to the essence of the Church. The Christian faith must quickly and effectively come to grips with the problems of human togetherness everywhere and make Christian love relevant to our problems in all spheres of our community-life. The sovereign will of God is the imperative controlling factor in the life of the Christian Church.

Furthermore, just as the secrets of nature have to be sought, studied and understood through patient and careful research, (which is one reason why we have universities) so also the glory of divine truths emerges from conscientious study, discussion, and research; and it becomes incumbent upon the Church to make such study and research possible through organizations like the Institute, and to preserve these truths at all times and at all costs. The Christian Gospel is both transcendent and relevant. There are few things as important in Christian life as seeking to discern the judgement of God upon ourselves; thus seeing ourselves as God sees us, and not being permanently fooled by the apparent plausibility of political party programmes nor blinded by a poorly understood Christian faith craftily twisted into a vain tool of secular idolatry.

CONFESSION AND LIFE

Is it necessary to reiterate here that putting on our best clothes on Sunday and going to a house of worship to repeat the popular

confession of having "done things which we ought not to have done, and left undone those things which we ought to have done" is not a habit of much value unless accompanied by a real opportunity to seriously appraise our lives and nation under the searchlight of God's holiness? We must give the Christian Church the reality it needs by determining just exactly in what sense and what context such a confession could be made to give our worship intelligent relevance and sincerity. True Christianity is based on carefully considered and candid Christian self-criticism. For one thing, the Church has no principles recognising racial differences and for another, seeing that many of our Christian problems have a racial origin or aspect, it is only natural that members of all races and denominations should study and pray together. This is what the Christian Institute promotes.

Another aspect of the nature of the Institute can best be understood in the light of Christ's redemptive act on the cross. It was not merely an act to "cleanse us from our sins", but a solution of the basic problem of sin — a purgation in which both the individual **and society** are reborn and refashioned into a new image. Thus the cross is our symbol of hope, which shows us the gracious love of God; and is also a symbol of judgement for it reveals our selfishness, pride, or self-esteem, when we despise or reject others — forgetting that Christ could not possibly tolerate pride and grace in the same person. Nor indeed, could a community or nation which promoted a policy that put stumbling blocks and barriers in the way of Christian unity and the search for divine truth, claim to be Christian in any sense of that word. The Institute does not, moreover, condemn any party policy or any individual's political opinion. All it does is to study and restate the Christian principles which must underlie any policy or ideology if this policy or ideology is to remain standing in the divine searchlight of truth and win approval at that level. This is the nature of the Institute's concern — to be an in-

(Continued on page 4)

Nou Juis die „Belydende Kerk”

(Vervolg van bladsy 2)

dit nie een van die terreine waarop ons nageslag (soos die Duitse jeug van die na-Hitlertye) ons eendag ernstig gaan verwyt en sê: Waarom het julle geswyg toe julle moes spreek? En sal die verwyt nie by name die Kerk toegewerp word nie, waar God met reg eis dat die profetiese stem gehoor moet word om te getuig teen alle verkragting van reg en geregtigheid, liefde en waarheid?

6. **Aantasting van die Kerk:** Wie die verloop van sake van die begin tot die einde van die Nasionaal-sosialistiese bewind van 1933 — 1945 oorskou en ontleed, sal ontdek dat die ernstige bedreiging van die Duitse volk nie plaasgevind het op die ekonomiese of sosiale of kulturele terreine nie (hoe ernstig sodanige bedreiging ookal was) maar dat dit geleë was in die godsdienstige pretensie van die Nasionaal-sosialisme. Die begin van die einde het gekom toe 'n politieke beleid 'n godsdienstige sanksie verkry het, toe die Kerk tot gedienslike kneg van die Staat verlaag is en menslike ideologieë die goddelike Woord vervang het. Wanneer so 'n situasie ontstaan, word die Kerk, soms ook teen sy sin, in die stryd betrek en genoodsaak om teen die owerheid te staan en te getuig. So was dit in Duitsland waar dit onmoontlik geword het vir die heersers van die Nasionaal-sosialistiese gedagte om hulle ideale te verwesenlik sonder om die Kerk en die Christelike geloof tot in sy diepste aan te tas.

So is dit ook hier by ons. Wie die huidige apartheidsbeleid wat as einddoel het die volwaardige skeiding van blank en nie-blank, noukeurig ontleed, sal tot die gevolgtrekking moet kom dat dit onmoontlik is om apartheid op alle ander terreine toe te pas sonder om die Kerk as liggaam van Christus in sy wese aan te tas. Dis onmoontlik om die geestesverkeer van blank en nie-blank op alle ander terreine te veroordeel,

te ontmoedig en te bemoeilik sonder om die geestelike gemeenskap van blanke en nie-blanke Christene ernstig te versteur en te benadeel. Op baie indirekte maniere word dit reeds gedoen en duisende blanke Christene is blind vir die skade wat hierdie ontmoediging en bemoeiliking van geestelike gemeenskap aanrig aan die groei van die Christendom in Suid-Afrika. Die konsekwente en volledige toepassing van apartheid hou in homself in die ernstige bedreiging van die Kerk, sy bestaan en sy boodskap. As alle ander weerstand in Suid-Afrika verkrummel het, sal vanuit die Kerk die enigste voortdurende van God gebode wettige weerstand nog kom.

In die geledere van alle kerkgenootskappe in Suid-Afrika is daar leraars en lidmate wat hierdie waarheid meer en meer begin insien en wat oortuig is dat daaroor nie langer geswyg mag word nie — nie omdat hulle die ondergang van die blanke begeer of die onreg gepleeg deur sommige nie-blankes goedkeur nie. Hulle getal is klein en in die lig van huidige gebeure in Afrika, soos beïnvloed deur die verwickelinge in Rhodesië, sal hulle getal nie gou groei nie. Hulle groei word ook verder bemoeilik omdat, anders as in die Belydende Kerk in Duitsland, hulle geskei word deur groter verskille van konfessie of kultuur, terwyl hier by ons die getalsverhoudinge t.o.v. ras, die situasie nog verder bemoeilik. Daarom sal die gedagte aan 'n Belydende Kerk hier langamer posvat en moeisamer vorder — maar die uitwerking van sy uiteindelijke getuigenis op Afrika en die wêreld kan blyk uiteindelik verreikender te wees as wat selfs dié van die Belydende Kerk was op die Christendom in die res van die wêreld.

Daarom — ten spyte van alle kritiek en veroordeling uitgespreek — wil ons beweer: **Die Belydende Kerk is reeds daar** — nog baie klein en onmagtig, huiwerend en onseker — maar vir wie die oog het om te sien en die oor het om te hoor is dit duidelik: die botsels van nuwe lewe is reeds aan die boom, die klanke van die nuwe lied word reeds gehoor! Christus die Here van sy Kerk is kragtig werksaam as Oorwinnaar!

Why not the Christian Institute?

(Continued from page 3)

strument of God in establishing His Kingdom of peace and love by the redemption of man and society. This is the subject of our present Bible Study theme and this is an important task of the Church, now also being done by other organizations.

Finally, surely we in South Africa are not so self-righteous that we can claim perfection in our national life. There is no perfect society. Thus in every society the true feelings and difficulties of the people should be known and justifiable discontent dealt with. Surely we cannot allow any particular policy, ideology or panacea to deter us from an honest and courageous reaction to injustice or sin in any form, not even on the pretext of a defence against Communism. A 'Christian country' like ours should support any meeting ground where the study of God's word and honest interchange and clarification of ideas take place.

SELF-CONDEMNATION

Those who condemn this important aspect of the Christian Institute's work cannot fail to give the impression, rightly or wrongly, that they know the evil of their lives and prefer to keep it that way, so to retain the material benefits and ill-gotten privileges they derive from that kind of life, rather than seek a new life based on divine truths, repentance and patient Bible Study. "Seek and ye shall find" is our Lord's promise. If it is true that a church or people could condemn or expel those who seek deeper divine truths, surely this is a travesty of a Christian principle. And if there are any who value an evil material life lived at the expense of God's love and His people, these could well remember that "who finds his life shall lose it, and he that loses his life for my sake shall find it". Imagine preventing Christians, and ministers of religion, of all

(Continued on page 7)

Inleidingsartikel:

Misdaadtoename: Die Kerk se Taak

Die golf van ernstige misdaad wat Suid-Afrika, en veral die Rand, die afgelope jaar getref het, het alle regdenkende inwoners van ons land met besorgdheid vervul. Elke burger, en in besonder elke Christen, behoort nie net kennis te neem van hierdie toename in misdaad en roof nie, maar behoort ook op ondubbelsinnige wyse sy afkeur te kenne te gee oor enige vorm van wetteloosheid, geweldpleging en bedreiging van menselewens en eiendom. Daarby is dit ons plig om nie net vir ons polisie-dienare te bid in die uiters moeilike en soms onbenydenswaardige taak wat op hulle skouers rus nie, maar ook om aktief saam te dink, te beplan en te werk om wetsverbreking en misdaad tot 'n minimum beperk te hou.

Dankbaarheid moet ook betuig word vir alle pogings wat tot dusver aangewend is om misdaad te bekamp. Dit alleen is egter nie genoeg nie omdat blote uiterlike wetlike stappe wel tydelike verligting kan bring maar nooit die worteloor-sake kan ontbloot nie. En daarsonder sal die situasie nie verbeter nie. Dis juis hier waar Kerke en Christelike organisasies 'n groot en verantwoordelike taak het. 'n Tydjie gelede het ds. C. W. H. Boshoff, die Sendingsekre-taris van die N.G. Kerk van Suid-Transvaal, gepleit vir 'n omvattende sosio-ekonomiese ondersoek van die posisie van die stedelike Bantoe. Ons is almal bewus van die feit dat sommige van die grondoor-sake van toenemende misdaad en moord gesoek moet word in die baie maatskaplike en ekonomiese faktore wat die lewe van die stedelike Bantoe ont-wrig en by die opkomende Bantoejeug 'n gees van wetteloosheid en gebrek aan eerbied vir alle gesag kweek wat soms aan die roekelose grens. Ons is oortuig dat 'n blywende verbetering in misdaadbe-kamping eers dan bewerkstellig sal word as beide staat en kerk daarmee erns maak en 'n deurtas-tende ondersoek na die hele verskynsel van misdaad instel — en dit in die nouste samewerking met ver-antwoordelike Bantoeleiers (wat net so besorgd is oor die toestand as leiers van ons blanke gemeen-skap). Sonder hulle vrywillige deelname en aktiewe steun sal enige gevolgtrekkings noodwendig een-sydig en onvolledig wees.

Hier is 'n groot taak wat alleen kan slaag as alle kerke gesamentlik gaan optree en ook die inisiatief neem deur self die voorbereidende stappe te doen tot sodanige ondersoek. As dit enigsins effektief gaan wees, sal dit groot geldelike uitgawes mee-bring en die allerbeste geestelike en wetenskaplike leiers se tyd en aandag vereis. Maar 'n dankbare nageslag sal die Kerk eer wat in 'n situasie soos hierdie sy plig gedoen het.

Editorial:

Increase in Crime: The Church's Task

The wave of serious crime which has hit South Africa, particularly on the Rand, during the past year has filled all right thinking citizens with anxiety. Each citizen, and in particular each Christian, should not only take note of the increase in crime and robbery, but should also make known his depreciation of any form of lawlessness, violence and threat to human life and property. It is, in addition, our duty not only to pray for our police on whose shoulders rests a very difficult and sometimes unenviable task, but also actively to think together, to plan and to work so as to keep law-breaking and crime at a minimum.

Gratitude must also be expressed for all the at-tempts made up to now to combat crime. This alone is however not sufficient because while mere outward legal steps can bring temporary relief, it can never lay bare the basic causes. Without this the situation will not improve. It is precisely here where the Church and Christian organizations have a great and responsible task to fulfil. A little while ago Ds. C. W. H. Boshoff, the Secretary for Missions of the D.R.C. of Southern Transvaal, pleaded for a comprehensive socio-economic investigation into the situation of the urban African. We are all aware of the fact that some of the basic causes of the increase in crime and murder should be looked for in the many social and economic factors which disrupt the life of the urban African and foster a spirit of lawlessness and lack of reverence for all authority which sometimes borders on recklessness. We are convinced that a lasting improvement in combating crime can only be brought about when both state and church take this seriously and set up a thorough investigation into the whole phenomenon of crime — and this is to be done in the closest co-operation with responsible African leaders (who are as concerned about the situation as leaders of the White community). Without their voluntary participation and active support, any conclusions drawn would of necessity be one-sided and incomplete.

This is a great task which can only succeed if all churches act in unison and also take the initiative by preparing the ground for such an investigation. If it is to be effective at all, it would mean large financial expenditure and the time and attention of the very best spiritual and scientific leaders. But a grateful posterity will honour the church who fulfilled its duty in a situation like this.

Kersfeesoordenking

WAAR IS DIE KONING VAN DIE JODE..?

(Mat. 2:2)

Die verborgenheid van Jesus word deur Christene selde so smartlik ervaar as juis in die Kerstyd — die feesgety waarin die wêreld die geboorte van die Verlosser herdenk.

Daar gaan ook vanjaar weer wêreldwyd Kersfees gevier word. Daar gaan blydskap, vrolikheid, welwillendheid, uitbundigheid, uitspattigheid wees. In kerklike en godsdienstige kringe waar vroomheid die toon aangee, gaan daar weer 'n verinniging van gevoel en 'n vertedering van gemoed wees as die verhaal en die lied rondom die krip van die Christuskind die hart aangryp en die sinne bekoor. Maar 'n grondtoon van onuitspreeklike weemoed sal bly, sal hom onder al die vertedering des te sterker aan die bewus-syn opdring. Want waar is **HY**?

Waar die wêreldfees (want dit wil Kersfees inderdaad na Gods bedoeling wees: 'n wêreldfees) in „wêreldse” uitspattighede ontaard, die groot geleentheid van die jaar bied vir sedelike en kommersiële opportuniste, die mens van sonde en selfsug in die feesgewaad van sy selfvergodeliking tooi, daar neem die vraag ironiese trekke aan. So word die Jesusfees gevier. Maar waar is **HY**?

Nie dat die ironie uit die gewyde atmosfeer van psalm- en koorgesang onder hoë koepels die wyk sou neem nie. In watter „wêreldse” hoek van die wêreld kan die vraag skerper, bitterder, ontgogelender wees as dikwels juis daar waar die vromes hulle Jesus poneer en om hom saamdrom om hom as heiland te vereer met liedere en gebede . . . **maar Hy, waar is Hy?** Waar word daar voortrefliker geknoei, feller gehaat, waar word die wapen van venyn met groter berekening teen die naaste gehanteer as dikwels „onder Skriflesing en gebed”, waar is die ontdekking van die afwesigheid van Hom wat in die wêreld gekom het om die Koninkryk van geregtigheid en vrede en blydskap in die Heilige Gees te bring, verbysterender as hier?

As ons sy kruisiging, sy opstanding en sy hemelvaart herdenk, is daar vir die geloofsverwerking van sy verborgenheid skynbaar vaster

steunpunte. Nee, makliker, redeliker is dit dan gewis nie om in die verborge Heiland te glo nie. Dit is moeilik om te sê hoe dit hier presies is, maar dit is asof die geloof sy eie wese beter verstaan, meer vrede het met homself as ons by die kruis staan; of by die leë graf of by die Emmaüsgangers wat Hom skaars herken het en Hy het weer uit hulle gesig verdwyn; of by die Olyfberg saam met die manne van Galiléa wat verslae na die hemel kyk. Die diepte-dimensie van die geloof is hier duideliker openbaar en die siel kan daarin afdaal tot sy rus (Ps. 116:7), tot op die vaste grond waarin die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, gewortel is. Ons kan daar altyd weer tuis kom by die verborge God. In ons verlange na Hom word die gemeenskap met Hom reël.

Maar Kersfees is geneig om alles na buite te keer, na die oppervlakte en in die openbaarheid te bring. Nie omdat dit in die wese van die fees lê nie. Ook nie omdat dit pure misverstand is nie. Engele het immers die blye boodskap van die geboorte aangekondig, herders het dit gehoor, wyse manne uit 'n ver land, van die „uiterste van die aarde” vandaan het gekom om aan die Koning wat gebore is hulde te bewys. Op die Kersdag veral is dit nodig om bewus te word van hoe groot God se familie is, hoe wêreldwyd die arms van sy genade uitgestrek is. Dit moet 'n wêreldfees wees. Maar daarmee het die wêreld nog nie in die heil opgegaan nie. Die heerlijkheid van die Here staan nog nie op die klokke van die perde nie. 'n **Inkeer** tot die verborge God bly nodig. „Laat ons dan na Betlehem gaan . . .”

Soos Israel van ouds rondom sy goue kalf gedans het met koor- en beurtgesang, so sou die wêreld in sy vrome én uitspattige roes weer vanjaar sy fees kon vier rondom die krip van Betlehem. Onder alles sou Hy wie se koms gevier word, die Vreemdeling kon wees. En daarna sou alles weer dieselfde kon wees. Is al wat vir ons dan oorgebly het dit, om vanuit ons ontgogeling, ons

leegheid van hart en ons bedroëheid omdat sy koms in die wêreld sy teenwoordigheid in kerk en wêreld tot 'n probleem gemaak het, met 'n weersin in die ironie van Kersfees die rug op die krip van die Heiland te keer en ons geloof enkel aan die kruis, die graf, sy verdwynende gestalte, sy hemelvaart te oriënteer? Is Kersfees, die dag waarop sy koms in die wêreld herdenk word, slegs 'n geloofsbeproeving? Wie Kersfees waarlik wil vier en in die geloofsgemeenskap met God die rus vir sy siel wil vind, sal ook in hierdie feesgety na die diepte moet afdaal waar God Hom in die verborgene laat vind. In die soeke en verlange na Jesus sal die gemeenskap met Hom reël moet word. In die stal en in die krip van Betlehem is Hy niks **minder** verborge, niks **meer** openbaar as aan die kruis, en in sy graf, en na sy opstanding, en na sy hemelvaart nie. Die realisme waarmee die wêreld die viering van sy koms benewel, mag ons ons geloofsnugterheid nie laat kwytraak nie.

Die verhaal van die wyse manne uit die Ooste is vir die geloof net so 'n spyse as die drie uur lange duisternis op Golgota, as die gebroke liggaam aan die kruis, as die opneming en verberging van die wêreldheiland in die hemel. Sy ster wat hulle in die Ooste gesien het, het die wyse manne na Jerusalem gelei. Maar in Jerusalem was daar geen fees, geen klokgelui, geen kanonvuur-saluut vir die Koning wat gebore is nie. Daar het hulle Herodes gevind met sy onkunde, sy agterdog en sy jaloesie. Oor die vraag waar die Koning gebore sou word, sou die koning 'n vergadering van skrifgeleerdes belê om daarvoor te beraadslaag, natuurlik, onder Skriflesing en gebed. En eindelijk het die wyse manne in Betlehem gekom. Geen ander teken was daar om hulle geloof te bevestig, hulle onderneming van 'n lang en lewensgevaarlike reis te bekroon nie, as „die teken van Jona”, die teken wat ook aan die herders gegee is: 'n kindjie, in doeke toegedraai. 'n Teken van dieselfde aard as sy deurboorde hande en sy deur-

steekte sy, waaraan Thomas Hom kon herken en wat hom laat uitroep het: „My Here en my God!” Alles het nog gestaan in die teken van hulle vraag, van hulle soeke, hulle verbasing, hulle ontnugtering: „Waar is die Koning van die Jode . . . ?” toe hulle Hom by Maria herken en by Hom neerval en Hom hulde bewys. Die diepte-dimensie van die geloof gaan hier voor ons oop. Die hele Kersgebeure is deur Paulus saamgevat met die woord „vernederling” (Fil. 2:6-8). En as ons nie dáárin afdaal nie, sal ons Hom nie vind nie. Dan gaan Kersfees ook vanjaar ons harte leeg laat. Dan is die fees van die Koms 'n ironie.

Ook Kersfees wil die gemeenskap met die **verborge** God maak tot die ruspunt van ons hart. Ook hierdie fees wil ons leer om na God te verlang en in dié verlanse in ons Verlosser geborge te wees. Uit die wildernis van teenstrydighede, die ironie, die weemoed, die geloofsaanvegting, wil dit ons laat tuis kom, ons siel laat terugkeer tot sy rus. Nooit kan die geloof daar vaster op gaan dat die Heiland gebore is as wanneer dit in hierdie wêreld so fel, en met „Die Heiland is Gebore” dikwels des te feller, weersprek word nie.

B. ENGELBRECHT.

Why not the Christian Institute?

(Continued from page 4)

people, from finding their lives or widening their fellowship for Christ's sake! Or do lay people in some places know more than their ministers? If I were a minister I would never allow it. I am not surprised that some did not. Moreover the Institute is no secret or sinister organization. Any factitious and irrelevant argument such as allegations that the Institute "promotes" or "encourages" communism are as senseless as the argument of the man who refuses to contribute to a fund in his community for building a swimming pool because it would "promote" or "encourage" drowning.

Geesteskwellinge

Gemeenskap as Christelike Ideaal, Verantwoordelikheid, Werklikheid

Dr. W. Bruckner De Villiers

„Die gemeenskap van die heiliges” is hoe die Apostoliese Geloofsbelydenis die Kerk van Christus beskryf. Dat dit hier egter nog lank nie om die werklikheid gaan nie, maar oënskynlik slegs om een van die hoogste Christelike ideale, is nou onlangs weer bewys deur die onsmaklike bohaai wat daar ontstaan het oor die gemengde erediens wat 'n paar weke gelede in die Groote Kerk te Kaapstad gehou is.

'n Mens sou gedink het dat so 'n verbeeldingryke eksperiment in die beoefening van onderlinge Christenskap tussen gelowiges afkomstig uit verskillende kerkgenootskappe asook rasse minstens beskou sou kon word as 'n bemoedigende stap in die rigting van 'n daadwerklike uitlewing van 'n geloofsitem wat deur alle Christene bely word. Dié verwagting is egter summier teleurgestel. Aan vurige teenstanders van dié soort fraternisasie tussen wat amptelik as onmengbares en wedersyds „onaanraakbares” beskou word, het dit die felste kritiek ontlok en weldra is die skerpste verwyte oor en weer geslinger sodat die hele aangeleentheid eerder groter verdeeldheid gesaai het as wat dit eenheid in Christus bevorder het.

WIE IS REG?

Hoe moet ons, buite alle emosionele opsweping en seksionele selfsug om, as **denkende en verantwoorde-like** Christene die saak sien? Wie is reg: die voorstanders van rasseapartheid bó en ten spyte van alle ander oorwegings, of die dikwels skynbaar moedswillige strewers na minstens die verwesenliking van wat miskien as godsdienstige „integrasie” tussen gelowiges van verskillende rasse bestempel kan word? Watter beginsel is in laaste instansie werklik navolgingswaardig: dié van strenge soort-by-soort eksklusivisme

of dié wat vervulling soek in minstens 'n poging tot die totstandbrenging van 'n „gemeenskap” van gelowiges?

Vooraf moet daar natuurlik billikheidshalwe daarop gewys word dat die kompromislose voorstanders van Apartheid, wat hul eindideaal betref in elk geval, nie beoog dat alle kommunikasie hoegenaamd tussen verteenwoordigers van die verskillende rasse gestaak moet word nie — slegs dat dit op 'n ander, minder gevaarlike vlak moet geskied; andersyds, dat die voorstanders van minstens godsdienstige kommunikasie tussen Christengelowiges van watter ras ookal nie bloot vanweë dié kontensie tegelykertyd ook voorstanders van 'n skynbaar onrealistiese, onverantwoordelike en daarom, in laaste instansie, onchristelike integrasiebeleid is nie.

Die eintlike verskil tussen die twee beskouings lê daarin dat wat vir die een die angel van die opperste gevaar inhou, vir die ander 'n onontwykbare uitdaging verteenwoordig. Albei seksies bedoel dit ongetwyfeld goed met hul eie volk en kerk: slegs hul benaderings tot hierdie probleem van beide volk en kerk is so geheel-en-al uiteenlopend.

Hoewel baie dit hoop, is dit 'n akuele vraag of daar hoegenaamd 'n kompromis tussen dié twee uiteenlopende beskouings gevind kan word. Bestaan daar wel 'n goue middeweg wat deur verstandige en nugtere Christenmense bewandel kan en moet word? Is die een beskouing heeltemal reg, en die ander een daarom heeltemal verkeerd, of hou elkeen van die twee minstens 'n deel van die waarheid in? Wat is, objektief Christelik gesproke, die werklike weg van regverdigheid en in hoeverre het die ekstremiste aan albei kante van die rasseskeidslyn die regte spoor byster geraak?

(Vervolg op bladsy 8)

Gemeenskap as Christelike Ideaal

(Vervolg van bladsy 7)

STUDIEBEVINDINGE

Tydens my studentejare was dit my voorreg om teologies-wetenskaplike navorsing te doen oor juis hierdie besondere onderwerp van Christelike persoonsgemeenskap oor water skeidsmure heen ookal² en dit mag van waarde wees om 'n opsomming van slegs 'n paar van my vernameste bevindinge hier aan te stip. Dalk help dit ons om 'n antwoord op hierdie kwellende vraag, hierdie besondere „geesteskwelling”, te vind.

Baie breed gestel — miskien gevaarlik vereenvoudig — was my vernameste bevindinge die volgende:

Daar kan van werklike Christelike mens-wees geen sprake wees sonder egte persoonsgemeenskap tussen verskillende mense nie; die mens is uiteraard sowel as wat sy roeping betref 'n **gemeenskapsweese** en, in die woorde van Friedrich Gogarten, is daar „sonder gemeenskap geen menslike lewe moontlik nie”.

Dié kategorieë vereiste persoonsgemeenskap ten spyte van verskille en oor alle skeidsmure heen is nie meer iets wat vanself tot stand kom nie, dog 'n geestesskat waarvoor daar ten duurste betaal moet word, wat die hoogste persoonlike inset en opoffering verg, wat totale selfoorgawe vereis en wat die neem van 'n gevaarlike **waagstuk** impliseer.

Dié waagstuk bestaan daaruit dat minstens een van die twee partye in 'n potensiële persoonsverhouding verplig is om die aanvanklike inisiatief te neem in die vorm van wat alleen as persoonlike **selfblootlegging** beskryf kan word. En die gevolge van so 'n onselfsugtige daad van ongewapende toenadering van die Ek tot die Ander word dan ook onmiddellik hoogs onberekenbaar: die Ander word daardeur voor die vrye keuse gestel of om die aangebode hand van vriendskap en liefde gretiglik aan te gryp met 'n ferme greep van wederliefde, of om dié hand wat so vertrouend na hom uitgestrek is in die soeke na gemeenskap, opsy te klap en allerlei misbruik te maak van die toestand van weerloosheid

waarin die soeker van gemeenskap homself voor hom gestel het, homself blootgestel het aan die twyfelagtige genade van die Ander.

Dit is egter die vaste reël waarvolgens die totstandbrenging van 'n egte persoonsgemeenskap altyd en sonder uitsondering verloop. Dit is die hoë prys wat betaal moet word. Dit is die opoffering wat gemaak moet word. Daar bestaan geen kortpad nie — selfs blykbaar nie eens vir God self nie. Want waar daar 'n kloof tussen persoon en persoon bestaan, is dit byna vanselfsprekend 'n kloof wat deur selfsug en sonde tussen hulle geslaan is. En dit is ten slotte alleen deur die geloofswaagstuk (Karl Jaspers se „Sprung ins Finsternis”, d.w.s. sprong in die duister) van die totaal onselfsugtige liefde dat dié kloof suksesvol oorbrug kan word, al sou dit as kloof van die sonde, nog bly voortbestaan in al sy gevaarlike werklikheid.

Dié kloof móét egter oorbrug word, nie alleen omdat die mens, veral die Christenmens, daartoe geroepe is nie, maar wesenlik ook omdat hy in laaste instansie gemeenskapsweese is en hy op die lang duur, al is dit dan ook bloot ter wille van sy selfbehoud as mensepersoon, nie durf toelaat dat sy eie lewe in die negatiewe teken van die vereensaming in die sonde bly staan nie: dit sou uiteindelik onvermydelik die einde van sy menslike persoonsbestaan moes meebring en van hom in alle werklikheid 'n „lewende lyk” maak.

Dáárom is die prys wat geverg word, hoe hoog dit ookal is, nie 'n te hoë om te betaal nie. Dáárom is selfs hierdie dikwels skynbaar onmoontlike opoffering uiteindelik die moeite werd. „Hoe moeilik ons die weg ook skyn”, dié weg van selfverloëning en selfoorgawe is die weg wat elkeen van ons móét deurwandel indien ons ons siel wil behou — soos Christus dit voor ons betree het, en vir ons nie alleen die weg aangewys het nie, maar dit wesenlik ook vir ons gebaan het.

Nog een laaste feit dien op gelet te word: byna sonder uitsondering is dit juis die **sterkere** party wat in die konfrontasie tussen twee persone die voortou moet neem. En juis hierin is die geweldige gevaarlikheid van die waagstuk wat geneem moet word, geleë. Want waar dit juis van die sterkere gevra word om die inisiatief te neem om homself bloot te lê voor die swakkere en aan sy genade, word dit daarmee ook letterlik van

hom vereis dat hy sodoende vrywilliglik afstand moet doen van sy meerderheidsstatus; en waar dit juis die swakkere is wat voor so 'n uitnodiging en uitdaging tot gemeenskap gestel word deur die sterkere, word die bykans onmoontlike van hom gevra, nl. om nie sy natuurlike swakheid te botvier en toe te gee aan die versoeking om misbruik te maak van die toestand van weerloosheid waarin die sterkere homself vrywilliglik gestel het nie.

DIE CHRISTUSGESKIEDENIS

Die goddelike openbaring omtrent Christus se verlossingsdaad verskaf vir ons die treffende illustrasie van hierdie hele onomseilbare prosedure:

Deur die sonde is daar tussen God en mens 'n onmiskienbare kloof geslaan. Dié kloof móés egter ten alle koste oorbrug word — in laaste instansie ter wille van die mens as gemeenskapsweese self. Van sy kant kon die mens, die swakkere party, ten spyte van al sy pogings tot die herstel van gemeenskap en al die Torings van Babel wat hy met dié doel voor oë opgerig het, nooit opstyg tot by die hemel en weer die noodsaaklike verhouding met God herstel nie. Dit het by God, die sterkere party, berus om uiteindelik die inisiatief te neem en Sy hand van reddende genade oor die afgrond van die sonde heen na die mens uit te strek.

Dit het hy gedoen op die mees Selfverloënde, Selfopofferende wyse denkbaar: Hy het Homself oorgegee aan die genade van die mens in die vleeswording van Sy eniggebore Seun, Jesus Christus. As vleesgeworde mens het Christus ingetree in die menslike geskiedenis en sodoende die mees ondubbelsinnige toenadering tot die mens gemaak deur te daal tot die vlak van die laagheid en verdorwenheid van die sondige mensewêreld. Die totaal selfblootgelegde, in die vlees geopenbaarde God het Homself onmiddellik naas die mens, te midde van die gemene mensheid gestel, bereikbaar en verstaanbaar vir selfs die laagste ondermense; tasbaar, gebruikbaar, misbruikbaar . . .

En die mens het nie op hom laat wag nie. Op dié goddelike uitnodiging — maar tegelykertyd ook uitdaging — tot hom het hy reageer eenvoudig omdat hy móés reageer:

omdat hy onvermydelik Ja of Nee moes antwoord op God se aanbod tot die herstel van die gemeenskap tussen hulle en omdat sy antwoord, indien nie 'n onvoorwaardelike „Ja” nie, 'n outomatiese „Nee” móés wees.

Die uiteinde van dié geskiedenis is maar alte welbekend: die oorgrote meerderheid van die mensdom het die aangebode hand van goddelike liefde opsygeklap, die grofste misbruik gemaak van hierdie volmaakte daad van Selfvernedering en Selfopoffering en uiteindelik daartoe oorgegaan om Christus te kruisig, soos hulle dit nog daagliks doen.

Die klein begenadigde minderheid het in geloof, ja, selfs geloof in die gekruisigde Christus, daartoe gekom om die aangebode liefdesoffer aan te gryp en die positiewe antwoord van wederliefde te gee deur belydende Christene en daadwerklike volgelinge van Christus te word.

Dit was 'n onvoorstelbaar hoë prys wat God in Christus moes betaal vir die weertotstandbrenging van 'n ware geestesgemeenskap tussen Hom en Sy afgedwaalde skepsels. Maar die prys was vir Hom nie te hoog om te betaal nie en het uiteindelik geblyk die moeite werd te wees — selfs al was dit dan maar net ter wille van die vrugte wat Sy Selfopoffering afgewerp het in 'n paar gevalle, onder so 'n klein persentasie van die totale mensdom. In hulle, in elk geval, sou die vrug van die liefde voortleef en deur hulle sou die lewenskragtige saad van die Christendom voortgesaai word: omdat hulle elkeen persoonlik geroep is deur Hom in Wie hulle hul geloof al sterker sou betuig, om Sy voorbeeld na te volg, om dienaars van mense te word, om, indien nodig, hul lewens te verloor sodat hulle dit sou kon vind . . .

GEMEENSKAPLIKE AANBIDDING

Maar wat het dit nou ten slotte alles met die probleem van gemengde kerkdienste en gemeenskaplike aanbidding selfs oor rasse-grense heen hier te lande te doen?

My skyn dit of die aanwysings 'n eenvoudige rigting aandui en of die gevolgtrekkings wat gemaak kan word, eenvoudig omskryfbaar is.

In die eerste plek kan daar nie die minste twyfel bestaan nie dat

ons, wat ons in hierdie land nog Christene noem, wel onmiskenbaar daartoe geroepe is om aansluiting met die oog op ware gemeenskap te soek met ons „naastes”, dié wat naas ons geplaas is deur God self, en veral met ons mede-Christene oor alle grense, selfs die rassegrens, heen.

Die werklike en waaragtig eerlike Christen kan uiteraard nie doodtevrede op sy eentjie bly sit en hom verlustig in sy eie gewaande persoonlike saligheid nie — net so min as wat die egte Christelike godsdiens ooit iets anders as 'n oortuigd missionariese godsdiens kan wees sonder om tot 'n soort beskaafde heidendom te degenerer of tot blote doktrinarisme te verstok en te verkalk nie.

Vir die ware Christen is en bly dit 'n “kategorieëse imperatief” dat hy doelbewus moet uitgaan om 'n egte en geestesvervullende gemeenskap te soek veral met sy broeders in Christus — maar dan ook, vanweë sy heel besondere roeping, met hulle wat minder bevoorreg is as hyself, sy dit op stoflike of geestelike, of ekonomiese of kultuur-sosiale gebied. Van 'n sodanig vervulde gemeenskapsbestaan sal in laaste instansie nie alleen sy menswaardigheid nie, maar inderdaad ook sy wesenlike bestaan as mens, geskape, sowel as herskape, na die beeld van God, die Skepper self, afhang. Vir die Christen is dit van lewens-belang dat hy die gemeenskap met sy „naaste” (wat ook al sy oorsprong, agtergrond of status) móét soek, en positief móét vind!

Die mees voor die hand liggende metodes waarop 'n sodanige gemeenskap — oor watter grense heen dan ook al — gesoek kan en moet word is (voorlopig altans) deur die doelbewuste skepping van geleenthede tot gemeenskaplike aanbidding, asook deur positiewe sendingaksie.

Wat die sending betref wil ek voorlopig en binne die bestek van hierdie besondere en noodwendig beknopte artikel slegs dit beweer: dat die ware Christen se sendingywer nie beperk darf bly tot die blote afstaan van goed en geld nie, en dat dit by die deurslag Christenlidmaat van ons gevestigde kerke hier te lande ongelukkig alhoemeer die gebruik geword het om, as't ware, hul sending-gewete te sus deur 'n periodieke finansiële bydrae te maak tot die instandhouding van amptelike instellings van hul eie besondere kerke op sendingterrein.

BLANKES VERANTWOORDELIK

Wat betref die noodsaaklikheid van geleenthede tot gemeenskaplike aanbidding deur Christene uit alle kerkgenootskappe en van alle rasse wil ek my dit veroorloof om tog so ietwat verder te gaan in hierdie besondere verband en, met verwysing na die bevindinge hierbo, die volgende slotopmerkings te waag:

Soos ek die saak sien — en dit, na luid van die Heilige Skrif, alleen kán sien — bestaan daar in ons land nie alleen 'n geweldige behoefte aan die totstandbrenging van 'n werklike Christen-geestesgemeenskap oor al die skynbaar onuitwisbare grense heen nie, maar rus die verantwoordelikheid tot voldoening aan hierdie behoefte vierkant op die skouers van juis die bevoorregte blanke Christenbevolking van ons land — en veral op hulle wat lidmate is van die oudste en mees gevestigde kerke in Suid-Afrika. Hulle is immers die bevoorregtes, die begenadigdes, die „sterkeres”, die uiteraard primêr verantwoordelikes: diegene binne wie se vermoë dit lê om die inisiatief te neem in die reik van die hand van liefde na dié wat dit nodig het, al is dit maar net omdat hulle die „swakkeres” is.

Hoewel ons die grense tussen ons nie hoef op te hef, en ook nie daartoe geroepe is nie, is ons wel, en baie duidelik, daartoe geroepe om, óór die grense heen en ten spyte van hulle, met mekaar aansluiting te soek, om te bou aan brûe oor die kloof tussen ons, om werklike gemeenskap, „die gemeenskap van die heiliges”, met mekaar te soek.

Die nastrewe van 'n sodanige positiewe geestesgemeenskap sal ongetwyfeld en onvermydelik van ons die duurste offers eis.

Nie alleen sal ons ons doelbewus daardeur moet blootstel aan allerlei vyandige kritiek, aanvegting en beswadding van die kant van hulle wat wesenlik as nie-Christene en die aanbidders van vreemde gode bestempel moet word nie; ons sal ook die waagstuk van self-blootlegging voor ons minderbegaafde „minderes” en 'n oorlaat van onself aan hulle genade moet neem.

Dit ly geen twyfel nie dat miskien selfs die meerderheid van ons minderbevoorregte nie-blanke mede-Christene, hul kamma-ondersteuners

(Vervolg op bladsy 10)

Gemeenskap as Christelike Ideaal

(Vervolg van bladsy 9)

en heimlike aanhitters, in die naam van 'n sg. Christelikheid, nog die grofste misbruik sal maak, vir hul eie selfsugtige doeleindes, van ons aangebode vriendskap en gemeenskapsstrewes.

As dit presies was wat met Christus self moes gebeur, waarom sou ons juis gespaar bly?

Dié waagstuk en die gevaar wat dit impliseer durf ons egter nie weerhou van 'n optrede volgens die eise van ons Christelike verantwoordelikheid en gewete nie. Nie 'n sieklike sug na martelaarskap durf ons dryfveer wees nie, maar die kalme en realistiese wete dat ons 'n opdrag het om uit te voer en dat die uitvoering van dié opdrag ook allerlei vorms van vervolging kan en moet meebring.

As die prys wat daar betaal moet word ter wille van ons opregte oortuiging 'n geweldig hoë is, rus dit by ons slegs om te bepaal of die einddoel wat ons wil bereik, die moeite werd is en of dié prys in elk geval en ten alle koste betaal móét word. Daarna bly daar vir ons geen ander keuse oor nie en is ons beslissing 'n relatief eenvoudige — hoeveel dit ookal van ons mag verg in terme van persoonlike selfopoffering en selfoorgawe aan ons besondere roeping in hierdie verband.

Maar ons selfondersoek moet selfs verder strek en ingaan op die maat van ons eie **opregtheid** i.v.m. hierdie saak wat alhoemeer besig is om 'n diepgaande gewetenssaak vir elke bekommerde Christenburger in hierdie land te word.

IS DIT ONS ERNS?

Laat ons onself ten slotte ook in alle erns afvra, voordat ons die gewichtige taak wat vir ons voorlê, met oortuiging begin aanpak: is dit ons werklike erns?

Voel ons ons gedwonge om hierdie gevaarlike pad in te slaan omdat dit 'n onvermydelike konsekwensie van ons persoonlike geloof en Christelike oortuiging is — of doen ons dit bloot uit eiegeregtige rebelsheid teen die bestaande en skynbaar algemeen aanvaarde orde, ter wille van selfverheerliking of watter ander

selfsugtige motief ookal? Wil ons doen wat ons geroepe voel om te doen, ongeag alle realistiese oorwegings in die naam van 'n Christelike godsdiens wat juis as die mees realistiese van godsdienste bestempel kan word? Wil ons nie dalk op grond van 'n domme idealisme grense totaal probeer uitwis wat voorlopig slegs nog oorbrug staan te word nie? En is ons oënskynlik vrome reik van die broederhand na ons nie-blanke „naaste” nie dalk slegs 'n diplomatieuse „gebaar” van ons kant, sonder enige egte oortuigingsfondament nie?

Dit sou natuurlik totaal verdoemlik wees. **Om blote „gebare” teenoor mekaar te maak oor die rassegrens heen — soos vandag, helaas, so dikwels die geval is — is eintlik ver minder bevredigend as dat daar hoegenaamd geen toenadering sou plaasvind nie en die verskillende seksies van ons sg. Christenbevolking alhoemeer in hul eie eksklusiwiteit sou verstrak. Want 'n blote gebaar teenoor my broeder in Christus is wesenlik 'n belediging gerig tot sy sin van eiewaardigheid, en vernietig daarom outomaties die betekenis van enige goeie bedoelings wat ek moontlik nog teenoor hom**

mag gekoester het. 'n Mens rig nl. 'n gebaar teenoor iemand wat jy as mindere beskou, terwyl dit die roeping van 'n Christen is om homself werklik as die minste te beskou, ter wille van Christus, in die verhouding met sy broeder in Christus.

Indien ons egter, na so 'n grondige selfondersoek, onself nog steeds vierkant in die oë kan staar en nog steeds opreg geroepe voel om die opdrag van ons Meester letterlik uit te voer, bestaan daar vir ons geen ander uitweg nie: dan het die gemeenskap as Christelike ideaal vir ons 'n opperste verantwoordelikheid geword, en is dit ons taak om toe te sien dat dit so spoedig moontlik werklikheid word.

¹ Van suiwer teologies-dogmatiese standpunt gesien hou begrippe soos „integrasi” en „segregasi” natuurlik geen wesenlike sin in nie. Geldig sou slegs wees werklike openbaringsbegrippe soos „gemeenskap” (te midde en ten spyte van die verbroekelende gevolge van die sonde) en „verdeeldheid” of „ek-eensaamheid” as natuurlike gevolg van, en staat in die sonde.

² In *The Place of the I-Thou Scheme in Modern Christian Anthropology*, Zürich, 1949.

CHRISTIAN AND HUMAN RELATIONS IN RHODESIA

DR. MARTIN NIEMÖLLER

Early in June I was informed that I might participate in this conference* because your Planning Committee had requested someone who should represent the Ecumenical Movement at this Consultation.

As one of the World Council's Six Presidents and probably the one of these six who, as a German, is regarded as free from prejudice and all national or confessional self-interest, I accepted this invitation and tried to learn something about your special conditions, problems, thoughts and plans. I read the reports of the Ecumenical Consultation held in May*June of last year at Kitwe, Zambia, and also the report of your Council of Churches of Southern Rhodesia and its Preparatory Conference on Race Relations, held in Salisbury last September.

I had heard previously of the Cottesloe Consultation in 1960 and its

consequences, but I only now have become aware of the heavy load and grave responsibility weighing on that part of Christianity to which you, with your respective churches, here belong. I doubted, and still do, whether I am the right person to give the opening address; to give you any help in these urgent emergencies and decisions which you face. But now you — and I — are in for it!

In spite of all the information I received, I cannot give you advice as to how they should be accomplished. This is your task. I must confine myself to explaining, as best I can, why and with what aim, how and by what means, Christians and churches ought to recognise, judge and tackle the deficiencies of human relations in order that they may become what, according to God's will and ordinance, they ought to become.

URGENT APPEAL

The whole world knows — and we all know — how tense and how near to breaking point human relations — especially between black and white — have become. A last and really sincere effort to relax this tension is overdue before it may be too late. Even now, nobody can guarantee that it is not already too late. If it is, or if the moment comes when it is too late, then the Christians and churches here, and all the world over, will have to face a situation which I and my fellow-Christians — practically all the churches in my German home country — had to encounter in a comparable predicament after the war in 1945.

The catastrophe had occurred, 60 million people — human beings — had died, had been killed. Hatred had developed and grown into a fury of retaliation and vengeance. Life seemed no longer worthwhile. What had become of human relations — what was left? Here was the origin of what later became known as "The Stuttgart Declaration", a document drafted, accepted and published by the Council of the Evangelical Church in Germany, the highest representative body in those days of the whole of German protestantism, and therein we confessed and stated: "We accuse ourselves of not having confessed more courageously, of not having believed more firmly, of not having prayed more earnestly, of not having loved more ardently!"

THE RESPONSIBILITY OF THE CHURCH

I know that you here in Rhodesia — and in a good many churches in other parts of the world — are struggling along with the same problem: Have we, as Christians, and have our churches as Christian communities, a **share in what happens around us**, are we responsible for what develops there — not as our own work, but as that of political, economic, cultural and society groups, agencies and authorities; have we in any way to care for their actions and omissions?

The problem is very old — ever since the fourth century, Christianity has tried to keep Christ out of all these departments of human life, and to limit him to the merely "religious" part of it. In a way this was the consequence of the arrangement

which in those days was made between State and Church, between Caesar and the Patriarch of the West; we called it "the alliance of throne and altar", i.e. of the secular and the spiritual power. But this was, and amounted to, a fatal denial of Christ Jesus being "Lord of all" and of his claim: "All authority in heaven and on earth has been given to me." The Christian Church owes this witness not only to the single human person, but to all groups, agencies and authorities which otherwise will base their secular work, be it of political, economic, cultural or social character, on their own ability only. We have to remind them that their independence is not absolute, as they may imagine, but restricted by the authority of somebody else and by their own duty to account for their acts and behaviour. We Christians cannot rid ourselves of this prophetic charge, nor can our churches — the Christian communities — for we owe the gospel of Christ Jesus "to the whole creation". All earthly power and authority is relative, dependent on the approval of the "Lord of all".

GUILT

In 1945, when I suggested to our German church leaders this confession of guilt at their first meeting after the war, I did so under the constraint of a nightmare dream that had haunted me after my return from concentration camp for two months. In this dream a voice sounded from a blinding bright cloud: "Have you anything to say for your excuse?" I was then terribly frightened when I heard the answer: "Yes, nobody has ever told me the gospel!" It was the voice of Hitler, and I awoke with horror, knowing that the next question would be: "Why didn't you tell him instead of quarrelling with him for a whole hour?" Ever since I have known that in God's judgment the guilt of the church for what happened in Hitler's days may be heavier than the guilt of Hitler himself; for we knew what was right but had kept silent without bearing witness to God's truth as revealed in Christ Jesus. The Church cannot and must not limit herself to the so-called "religious spheres." The echo, which the Stuttgart Declaration called forth, was remarkable: nobody dared to question the adequacy of the state-

ment, but a considerable number of other Churches admitted that this confession ought to be theirs as well: they also had not cared for what had happened outside the purely "religious sphere", and now they became aware of their failure and the necessity to repent and to rethink their Christian calling and mission.

Before starting with our work on human relations, we had better try to make sure that this whole problem — which certainly is far more than a Church problem — is really entitled to our interest and responsible co-operation. It is, indeed!

First, the Church is no private party, no end in itself, but an agency which has to fulfil a definite and unambiguous commission of a universal character, i.e. to bring a message to all mankind. Therefore we Christians cannot live in a social group of our own, but have to deal constantly with others, and we cannot avoid practising human relations among and with non-Christians.

Secondly, Christianity is not "religion", it is not an answer to the question how the connecting bridge between the human soul and the deity can be constructed and used. There is no such bridge, there is no human soul with a direct access to God, and such a direct connection remains unattainable. There is an indirect approach: God meets with man through the person of Jesus of Nazareth who claims that "no man cometh unto the Father but by me!" He constitutes a human relation with us, and asserts that this is the one and true relationship with God: "He who has seen me has seen the Father." But this relation with God is inseparably connected with our relation to the human fellow-being — the "neighbour". "Inasmuch as you have done it to one of the least of these, you have done it unto me!" The connection with the Father through Jesus can live only as a human relation, and this statement is not limited and restricted to a Christian fellowship. We cannot choose and select our "neighbour", i.e. we cannot by our own choice and decision exclude anybody and thus refuse that human relation in which Jesus wants us to recognise him and to serve him, and thereby in him to see the Father and with him to come to the Father. **This**

(Continued on page 12)

Christian and Human Relations in Rhodesia

(Continued from page 11)

makes it clear that we must not try to avoid, or to escape from human relations; we cannot live without them for here God wants us to serve him in Jesus Christ, our Lord and Saviour, and he who identifies himself with the neighbour who needs our brotherly human solidarity and service.

In general Human Relations represents a genuine concern for all Christianity and they claim priority for good reasons. In God's plan, the human being was created and made a fellow-being who should be a "helper fit for" his fellow. Human relationship was intended to be a blessing, but God's blessing was perverted into man's curse again and again. At last people have become tired and diffident, weary and despondent "harrassed and helpless, like sheep without a shepherd." Here we are being called upon, we Christians, we the Churches: "You give them something to eat." We have from Our Lord what is needed, loaves and fish, and we know how his instructions show the way, and how his unselfish love for us makes us follow him. "Thou shalt love the Lord thy God with all thy heart and thy neighbour as thyself." These two commandments cannot be separated — they are inseparable. In fulfilling them both, Jesus — and he is nothing else but love to his Father and to his brothers — is truly genuinely human, the Son of Man (and by following him and walking in his footsteps and living in his company we are really human, as God wants his human creatures to be and to live. **If we don't we shall fall victims to inhumanity even if we are most religious people. Therefore, we Christians, we the Churches are responsible for our fellows wherever their humanity is being questioned or threatened.** We have to proclaim, to maintain, and—when needed—to restore and to ensure their human dignity which through Jesus, and in him, God has attributed to them as well as to us.

DIGNITY AND FREEDOM

Dignity — as Christians we know how valuable, how precious, every human being is to the Father. He

paid for each one of us the full price by giving his only Son, thereby bestowing upon his human creatures the highest and absolute value, which he grants to nothing else nor to anyone else in his whole creation. God claims man — every human being — as his child. For him, for God, this creature is not just one product among others and simply the most valuable one for whom he has paid the highest and absolute price. God honours man — his child — as a person and allows him, and even wants him, to be himself, to live on his own responsibility to be free. Human dignity is not only one man's value but it is also his freedom. To love one's neighbour, therefore, means for us that we regard him as our brother, as our common Father's beloved child, just as we are ourselves, and it means that we do not allow (as far as we can help it) him to be treated and regarded as a creature of minor value or with less freedom than any of the rest of God's children enjoy. Certainly children are different and differences will continue. But in the same family the dignity of all children is, and must be, alike. Their value and their freedom is the same, it is equal and must be equal. If not, the family will go to pieces.

GOD'S FAMILY

Mankind will have to become a family, one family, if mankind wants to carry on and to live. So then, as to human relations in different parts of the world, the question arises whether this basic problem can be solved, and if solved, how best we may contribute as Christians and as Christian Churches. If human relations, for instance here in Rhodesia have come near to breaking point, then no time should be lost.

Our Christian responsibility is obvious and extremely important; for as far as I can see there is no other person than Jesus Christ, who shows the way and who is the way, and who teaches us how to arrange human relations so that they come nearer to what God wants them to be. The churches, therefore, should join their hands together to this end, and show the world of mankind that we really want to live with our fellow children as "God's family". Maybe the result will be that we witness to secular powers and worldly authorities showing them that in po-

litics, in economics, and in society, there is no better way to live together in one house than to ask Jesus what to do. To try to follow the way which he so earnestly recommends in the sermon on the mount; the way not of power, but of service, not of superiority, but of solidarity, not of might but of our Lord's spirit.

Looking to him, we shall not be tempted to resort to violence in order to put our wishes and desires into effect by force, but we shall take the road of dialogue to discover answers to our problems. And when we follow "the Lord of all", who is "the firstborn among many brethren", then, by God's mercy and grace, our problems of human relations may cease to be a terrifying curse.

* Consultation on Human Relations, held at the University College of Rhodesia and Nyasaland, August 25th — 29th, 1965. The above is dr. Niemöller's 'Opening Address', reprinted from *Race Relations in Ecumenical Perspective*, No. 8, October, 1965.

LET WEL

Die Redaksie van Pro Veritate verklaar dat hy nie verantwoordelik is vir menings en standpunte wat in enige ander artikel van hierdie blad verskyn as die inleidingsartikels en redaksionele verklarings nie.

PRO VERITATE

Verskyn elke 15de van die maand.

Korrespondensie en Administrasie:

Alle briewe vir die redaksie en die administrasie aan:
Posbus 487, Johannesburg.

Redaksionele Bestuur:

Ds. A. W. Habelgaarn,
Ds. E. E. Mahabane,
Ds. A. L. Mncube,
Ds. J. E. Moulder,
Mnr. J. Oglethorpe,
Ds. R. Orr,
Prof. dr. A. van Selms.

Assistent-redakteur:

Dr. B. Engelbrecht,

Redakteur:

Ds. C. F. B. Naudé.

Intekengeld:

Republiek van Suid-Afrika, S.W.A., die Rhodesië en Protektorate:
R1 per jaar vooruitbetaalbaar,
Oorsee: R1.50 per jaar vooruitbetaalbaar.

Tjeks en posorders moet uitgemaak word aan „Pro Veritate” (Edms.) Bpk., Posbus 487, Johannesburg.
Gedruk deur Prompt Drukkers Maatskappy (Edms.) Bpk., Harriestraat 11, Westgate, Johannesburg.

DIE KERK BUIITE SUID-AFRIKA

DIE VRYE UNIVERSITEIT EN MARTIN LUTHER KING

PROF. B. B. KEET

Rondom die persoon van Dr. Martin Luther King word daar soveel gerugte versprei en soveel valse oordele gevel, selfs dat hy 'n Kommunis is of ten minste hom in hulle geselskap beweeg, dat die vraag al ontstaan het of ons in Suid-Afrika so onvolwasse is dat aan sulke praatjies geloof geheg word. Dié van ons wat met sy geskifte kennis maak het — ek dink nou veral aan sy aangrypende bundel preke: **Strength to Love**, sal weet hoe om hierdie verdagmaking te bejeën. Die tragedie is dat die getuienis van 'n man wat onder die moeilikste omstandighede nog altyd as Christen wil optree, selfs deur kerklike liggame veroordeel en afgewys word as alleen afkeuringswaardig. Onlangs is 'n eregraad aan hom deur die Vrye Universiteit, Amsterdam, toegeken, en in 'n onbesonne oomblik het die Kaapse Sinode dit nodig gevind om 'n mosie van afkeuring op die adres van die Universiteit aan te neem. Dit sal van belang wees om te verneem hoe van onverdachte Gereformeerde kant oor die onderhawige eerbewys gedink word.

Prof. Herman Ridderbos van die Teologiese Hoërskool, Kampen, wy in **Gereformeerde Weekblad** van 25 Oktober besondere aandag aan die viering van die 17e lustrum, of te wel die 85ste verjaarsdag, van die Vrye Universiteit. Die hoogtepunt het vir hom gekom by die samekoms in die Konsertgebou, waar in teenwoordigheid H.M. die Koningin, uit die hande van ses hoogleraars die eredoktorsgraad aan ses persone, „weens uitstaande verdienste” verleë is. Onder die ses het die bekende name van Prins Bernhard en Martin Luther King voorgekom. Oor dié twee insonderheid skryf Prof. Ridderbos (ek laat homself aan die woord):

Van bepaalde kant is daar nog al kritiek geopen op die keuse wat die Vrye Universiteit gedoen het, en met name daarby die gevalle van Prins Bernhard en Dr. King bevraagteken het. Hierdie kritiek het dan spesiaal gegaan oor die feit dat 'n Gereformeerde Unieversiteit aan persone wat nie as verteenwoordigend van die beginsels waarvoor die Universiteit staan, geag word nie, 'n ere-

doktoraat aanbied. Die vraag is egter, of die Universiteit hom tot sulkes moet beperk en of dit nie ook diegene kan en mag eer nie wie se werk of optrede in ooreenstemming is met wat die Universiteit voorstaan. Dat Prins Bernhard in so 'n kader nie sou pas nie, lyk vir my besonder vreemd. Watter voorstelling maak sommige mense hulle van gereformeerde beginsels as hulle vind dat die optrede van Prins Bernhard in nasionale en internasionale verband uit die gesigspunt van die Vrye Universiteit geen lof sou verdien nie? Mens sou wil vra: wat moet hy nog meer doen om as Prins van die Nederlande die agting en dank ook van 'n instelling soos die Vrye Universiteit te ontvang? Was wat die Prins in sy rede voorgestaan het nie in alle opsigte in ooreenstemming met wat die Vrye Universiteit kragtens sy beginsels voorstaan of altans moet voorstaan nie? Ek kan dié mense moeilik verstaan wat publiek hul stem hierteen verhef het, en die onderskeidingsvermoë van die gereformeerde volk moet geprys word dat hy vir hierdie kritiek blykbaar weinig belangstelling gehad het.

Interessanter vir my besef is die geval van Dr. King. Sy stryd vir 'n regverdige saak vind by ons diepe weerklank, en hierdie eredoktoraat as erkenning daarvan, lyk vir my daarom in volle ooreenstemming met die diepste oogmerke van die Vrye Universiteit en sal mens hom nie moet eksamineer in die gereformeerde beginsels nie. 'n Ander saak is dat die manier waarop Dr. King en sy mense hierdie stryd voer, die weg van geweldlose rewolusie, altans van ongehoorsaamheid aan bestaande wette is. Die beeld van Dr. King is nie dié van geweldlose draer van die onreg nie, maar dié van die uitdagende (hoewel geweldlose) oortreder van die (onregverdige) wet. Dit is daarom dat met name in Amerika, soos dit my geblyk het, vele wat die regeloosheid van die Negers in die suidelike state ten sterkste afkeur, toe vreemd opkyk as die Universiteit wat so nou met die anti-Rewolusionêre Party verbonde is aan hierdie vorm van rewolusie sy seën oëe en dit selfs met die hoogste eer bekroon.

En dan word gevra of die groot juriste wat hier op die voorgestoele van die Konsertgebou gesit het, as hulle Dr. King in Amerika volgens die geldige wette sou moet oordeel, hom dan nie as wetsoortreder sou moet veroordeel nie.

In sekere sin was dit jammer dat hierdie aspek van die optrede van Dr. Martin Luther King, sover ek kon waarneem, by die promosie geen aandag gekry het nie. Dr. King gaan self uitvoerig op hierdie vraag in in sy geskrif: **Why we can't wait**, hoe hy terwyl hy self so geesdriftig vra om die **wettige** nalewing van die uitspraak van die Amerikaanse Hooggeregshof (1954) wat segregasie in die publieke skole en elders buite die **wet** gestel het, tog self met sy mense telkens bereid is om van hulle kant bepaalde wette te oortree.

Dit sou interessant gewees het as by hierdie promosie d.w.s. op wetenskaplike gebied en van die standpunt van die Universiteit ook hierdie aspek oorweeg was en duidelik gemaak is waarom dit vir die Vrye Universiteit kragtens sy gereformeerde beginsels geen beswaar oplewer nie, eerder 'n rede gewees het om hom sy hoogste eer waardig te keur. Dan kan ook die evangelie in die optrede van Dr. King, waarvan tans met 'n sekere vanselfsprekenheid gewag gemaak word, miskien wat nader gekarakteriseer geword het; dan sou ook die aandagtige toehoorder by hierdie plegtigheid nie alleen bevestig wees in sy simpatie vir hierdie besondere en moedige man nie, maar ook 'n verhelderde insig ontvang het dat wetsverbreking ter wille van die reg ook binne die kader van die prinsipiële en wetenskaplike beoordeling op erkenning reg kan hê en ook deur 'n gereformeerde Universiteit met die hoogste eer gekroon kan word. Dit egter nie by wyse van kritiek nie, maar van 'n positief gerigte belangstelling in die verskyning van dr. King op die podium van die Vrye Universiteit.

Origens—en dit geld nie alleen die keuse van die ere-promovendi nie — is dit duidelik dat die Vrye Universiteit besig is om sy belangstelling en invloedseer te verbreed. Ons

(Vervolg op bladsy 14)

DIE KERK BUTTE SUID-AFRIKA

(Vervolg van bladsy 13)

word telkens daaraan herinner dat dr. Kuyper by die stigting van die Universiteit self ook 'n breër kring op die oog gehad het, en dat hy daarvan afgesien het eers toe hy buite die gereformeerde gesindte geen steun vir sy denkbeelde gevind het nie. Wat presies die strekking van hierdie betoog mag wees, sou dit in alle geval verblydend wees as die diepste motiewe wat tot die stigting van die Universiteit gelei het, langamerhand meer erkenning sou vind by hulle wat hulle vir 'n lang tyd afsydig gehou het. As ons let

op diegene wat in die kader van 'n feesviering soos dié wat ons tans beleef het, op die voorgrond getree het, dan is 'n kentering onmisbaar in 'n ontwikkeling wat in die toekoms die Vrye Universiteit 'n nog ruimer plek in die Nederlandse samelewing kan besorg as wat hy blykens sy laaste jubileum verwerf het. Elkeen wat die saak van die Vrye Universiteit van harte ondersteun en hom in sy kragtige groei verheug het, sal hierdie ontwikkeling toejuig solank as die Vrye Universiteit terselfdertyd bewus sal bly van wat in sy soveel meer beskeie verlede die eintlike dryfveer en kragte was, wat vir hom die weg van hierdie ontplooiing gebaan het en in die hele universitêre wêreld tot so 'n unieke verskyning gemaak het.

dealing with them in due course. For that is the very purpose of the column "Geestekwellinge": to face squarely up to really sticky questions of this nature, however unanswerable they may appear to be, but above all not to shirk them for the sake of a spurious peace of mind. Preliminarily I would venture to reply that the fact that all of us in our state of sinful depravity are devoid of all rights, does not at the same time mean that no divine norms or creaturely responsibilities apply to us any longer. These latter constitute to my mind a completely different (though obviously related) dimension of our common humanness. Even in the state of sin the most depraved human being can still distinguish between right and wrong, good and evil, better and worse — because these are universally revealed *divine* norms and have nothing whatsoever to do with our impertinent claim to "rights" merely on the strength of our being human beings. It was, after all, Christ Himself who gave us the injunction to "judge the tree by its fruit", implying, surely, that the very power to effect such a judgment is given all of us, without constituting any personal "right", however, but subject solely to the divine norms of which all of us are and remain conscious. The distinction I drew (or judgment I made) is not based on any special "right" I possess, but merely on observable facts, and I am just as unable to refrain from drawing such a distinction as I am unable to be anything but a perceptive and cognisant human being, whose standards of judgment are ultimately not derived from within myself, but were instilled into me by God Himself and are, therefore, absolutely normative. That such distinctions can and must be drawn, cannot be blamed upon God. In Christ He has already done everything necessary for the salvation of the single one and society. It is we who profess our faith in Christ who are to blame for the grave imbalances and schisms between us which are the fruits of sin. For it is we, who should know far better, who still persist in following the sinful example of those "who know not what they do" in claiming for ourselves what we refuse to grant to others.

BRUCKNER DE VILLIERS.

TELEURGESTEL OOR ARTIKEL

Geagte Redaksie,

Met belangstelling het ek die artikel van ds. Nico van Loggerenberg in u uitgawe van 15 Oktober 1965 gelees. Ek wil my diepe teleurstelling uitspreek oor die wyse waarop hy sy polemieë teen die Christelike Instituut voer. Ek moet onmiddellik by sê dat ek nie met die Christelike Instituut simpatiseer nie of daarvan lid is nie, om die eenvoudige rede dat daar nog heelwat onbeantwoorde vrae vir my lê. Dit neem egter nie weg nie dat ek van mening is dat onder alle omstandighede ons polemieë deur liefde gedra moet word. Prof. Waterink het dit onlangs in 'n artikel genoem „die eerbied vir die persoonlikheid“.

Dit ontbreek egter heeltemal in die artikel van ds. Van Loggerenberg. Op 'n heftige wyse klim hy die persoon van ds. Naude in en deur middel van 'n onwetenskaplike geskerm met die term „weten-

LETTERS / BRIEWE

DR. DE VILLIERS QUESTIONED ABOUT ARTICLE ON HUMAN RIGHTS

Dear Sir,

It seems to me that if (what I very much doubt) Dr. W. Bruckner De Villiers (November, 1965) has succeeded in proving that the "human rights movement" is nothing more than empty slogan shouting, then he has also succeeded in confirming the suspicion of those who agree with Rousseau's charge: namely, that Christianity "preaches only servitude and dependence. Its spirit is over favourable to tyranny, and the latter always draws its profit from that fact. True Christians are made to be slaves! They know it, and care little, for, in their eyes, this brief life counts for nothing." (The Social Contract, Book IV, chapter VII).

But maybe I have not understood Dr. De Villiers; so, rather than criticise his argument unfairly, may I be permitted to ask him some questions:

- (1) Assuming that the description of every man's (depraved?) condition on page 9, column 1, is a true one, how does Dr. De Villiers justify (by 'die wette van die logika') his distinction between the 'beskaafde en oorwegend Christelike blankedom in Suid-Afrika' and the 'pateties onrype Afro-Asiatiese state' and those he refers to as 'afstootlik en onwaardig' (page 10, column 1); 'onwaardige en inderdaad minderwaardige skepsels' and 'nietige en wesenlike bejammerenswaardige skepsels' (page 10, column 2)?
- (2) If the 'patetiese onrype Afro-Asiatiese state' have no just claims on 'beskaafde en oorwegend Christelike blankedom in Suid-Afrika' because 'niemand het enige aanspraak op ons behalwe God nie!', then what *exactly* is God doing to see that both inside and outside South Africa these 'eic

mede-skepsels" obtain, for example, the "four basic freedoms?"

- (3) Does the responsibility to love others "soos onself" include the responsibility to claim for others what we, presumably, claim for ourselves — for example, freedom of speech, freedom of worship, freedom from want and freedom from fear? or would it be a matter of indifference to Dr. De Villiers if I had the power and the desire to withdraw these four freedoms from him?

There are other questions that could be raised but these seem to be the most important ones. And I ask them, not because I wish to make things difficult for Dr. De Villiers, but because he was bold enough to tackle a problem which many (if not most) of us who profess allegiance to Jesus of Nazareth are shrinking — at the risk of destroying the integrity of that profession. I hope his boldness may at least have the reward of a thorough discussion of a crucial issue and I look forward to his reply.

Yours sincerely,
THOMAS DIDYMUS.

DR. DE VILLIERS REPLIES:

Thomas Didymus seems indeed to have misunderstood me. So far from intending to defend and bolster the assumed "rights" of tyrants over their submissive slaves, I attacked but one of the many forms of baseless tyranny: that of the greedy and power-hungry proletarian mass, which seeks to impose its bigoted will upon all and sundry almost solely on the strength of the hollow slogan of "human rights" instead of upon really valid grounds.

The specific and searching questions put, do indeed, however, set one a bit of a poser, as I and many other searchers after truth and justice have been aware all along. That is why I also intend

skaplik' probeer hy om aan sy stellings krag te verleen en om Japie Kerkganger sand in die oë te strooi. Dit is seer te betreur.

Ek gun aan ds. Van Loggerenberg heelhartig die vryheid van oortuiging om die Instituut en die werk daarvan as liberalisties en gevaarlik vir die Kerk van Christus te beskou en hierdie oortuiging in woord en geskrif, óók in PRO VERITATE, uit te dra en te verdedig. Is dit nie 'n basiese beginsel van godsdiensvryheid nie? En is dit ook nie die taak van elke dienskneg van die Here om as wagter op Sions mure die wolwe uit die skaapskooi van Christus te weer nie? Dat daarby skerp woorde val is heeltemal nie erg nie! Maar dan moet daar wel op enkele punte gewys word.

1. Ds. Van Loggerenberg word geleentheid gegee om te skryf in die orgaan van die instansie en persone wat hy wil bestry. Dit is PRO VERITATE geensins aan hom verplig nie. Daarom was die eerste wat hom voor die gees moes gestaan het hierdie gebaar, wat die hele toonaard van sy artikel moes beheers het. Maar die artikel wat hy geskryf het word beheers deur die gedagte dat PRO VERITATE net moet opneem wat hy ook al skryf.

2. Ds. Van Loggerenberg het hom voorgeneem om wetenskaplik te wees. Inderdaad 'n basiese vereiste vir elke verantwoordende polemiek. Neem ons egter die proef op die som, dan blyk dit dat daar geen sprake is van 'n wetenskaplike weerlegging nie. Dit blyk o.m. uit die volgende:

- (a) Ds. Van Loggerenberg bepaal hom nie tot wat in die aangevalle artikel staan nie, maar voeg in die verbygaan sy kommentariërende opmerkings en interpreterende toevoegings by. Hierdeur ontstaan 'n karikatuur van wat ds. Naudé geskryf het. Ds. Van Loggerenberg bestry dus nie 'n werklike saak nie, maar 'n alleen in sy verbeelding bestaande gedagtegang van ds. Naudé. Daarmee het hy die kerk beslis geen diens bewys nie en seker nie die krag van die Instituut gebreek nie.
- (b) In die betrokke artikel raak ds. Van Loggerenberg nie slaags met die Instituut nie, maar met die persoon van ds. Naudé, wat hy as 'n teleurgestelde man tipeer. Die feit dat hy sy artikel daarmee *begin*, is hier funderend vir die res van sy artikel en vorm 'n verdere bewys van die onwetenskaplikheid van sy betoog.
- (c) Ds. Van Loggerenberg lê aan die Instituut die plig op om uit Skrif en belydenis sy bestaan te regverdig. Dit is maar 'n vreemde wetenskaplike metode. Was ds. Van Loggerenberg nie besig met polemiek nie? En rus op hom dan nie die plig om uit Skrif en belydenis aan te toon dat daar geen rede vir die bestaan van die Instituut is nie?

3. Ds. Van Loggerenberg gee in sy artikel géén blyk hoegenaamd van Christelike barmhartigheid nie. Kenmerk van alle ware tugtiging (óók polemies) is tog die wil tot behoud wat gegrond is in die liefde? Ds. Van Loggerenberg moes deur wetenskaplike behandeling van die gewraakte artikel én ds. Naudé én die Instituut én alle aanhangers daarvan oopgeroep het om hulle van die aldus aangewese sondige weg te bekeer tot die ware

diens van die Here. Die wyse waarop hy egter hierdie sake hanteer het, is sodanig dat die Instituut alleen maar in sy 'kwaad' gesterk is.

4. Uit die artikel wil dit voorkom asof ds. Van Loggerenberg absolute gehoorsaamheid aan die kerklike vergaderings bepleit. Uit die bostaande is dit wel voldoende aangetoon. Hierdie gedagte heers in meerdere N.G.-kringe, soos kan blyk uit, na my mening, dikwels ondeurdagte ringsbesluite met betrekking tot die lidmaatskap van die Instituut. In hierdie verband moet ook gewys word op die verkiesing tot ouderling van ds. Naudé, wat onder drang van die kerklike vergaderings herroep is.

Die vraag wat hier opkom, is: het ons kerklike verkiesings tot die besondere ampte só nie tot 'n klug geword nie en het ons verkiesing, 'onder aanroeping van die Naam van die Here' 'om die regte persone aan te wys' nie ontaard en tot 'n aanfluiting en ydele gebruik van die Naam van die Here geword nie?

Uit die benadering van ds. Van Loggerenberg het 'n duidelike stroming in die N.G. kerk tot openbaring gekom, nl. dié van versanding in die kerklike slop en die gevolglike opsluiting van eie kerklike bestaan. Die kerk het introvert geword en sy roeping na buite wat hy sonder selfliefde moet uitvoer, nie raakgesien nie. Deur die optrede van die Instituut het hy wakker geskrik. En mag dit wees tot heil van kerk en volk, naamlik deur die uitroep van die Naam en diens van die Here op alle lewensterreine en deur orals duidelik die 'so spreek die HERE' te laat hoor. Naamlik: tot behoud, óók van die lede van die Instituut, as dit inderdaad nodig blyk te wees.

Afsluitend 'n woord van kritiek aan die Christelike Instituut. In die voorlopige antwoord van die redaksie van PRO VERITATE kom in die Oktober 1965-uitgawe die volgende sin voor: 'Die Christelike Instituut wil hom vir niks anders en niks meer beywer as die Christelike koinonia nie.' In dié verband word ook verwys na die Nagmaalsviering. En tereg. Want die Christelike koinonia word in die kerk gesmaak, vind daarin sy oorsprong en deursuur van daaruit die hele lewe. Die beywering daarvoor lê dan ook op die werkerrein van die kerk. En buite die kerk om kan daar van 'n Christelike koinonia geen sprake wees nie. En as die Instituut inderdaad op hierdie weg wil gaan, het hy in 'n soort (Super-) kerk ontaard. Wellig kan ons op hierdie punt vanuit die Instituut duidelikheid en klaarheid kry.

DS. M. KUIPER,
Lindleystraat 35,
Sasolburg.

(Op die kritiek van ds. Kuiper teen die Christelike Instituut, sal op 'n later tydstip in PRO VERITATE geantwoord word. — REDAKSIE).

TOG ,VERHELDEREND'

Geagte Redaksie,

In verband met die skrywe van „Inkwisieslagoffer” in u uitgawe van 15 November 1965, wil ek graag soos volg antwoord:

1. Eerstens het ek prof. Potgieter se siening van Liberalisme „verhelderend” genoem omdat dit ten minste 'n welkome

poging was van die kant van hulle wat steeds waarsku teen liberale tendense om hulle in die openbaar te verantwoord oor wat hulle presies met hierdie term bedoel. U korrespondent sal ook, indien hy gelet het op die ontelbare gebruike van hierdie skelwoord, dit verhelderend vind indien daar dan eindelijk iemand kom wat sê watter een van die baie „sondes” hy nou eintlik daarmee bedoel.

2. Tweedens is dit duidelik dat ek met die term „liberalisme” die skelwoord in gedagte gehad het d.w.s. die woord wat kennisloos rondgeslinger word om almal wat van jou verskil te brandmerk. Daarteenoor het „Inkwisieslagoffer” beslis nie hierdie woord in gedagte nie, maar wel die woord in sy goeie betekenis. Helaas hoor 'n mens nie meer van die laasgenoemde betekenis van die woord nie.

3. Derdens, in samehang met bogenoemde, het ek Prof. Potgieter se uiteensetting verhelderend gevind omdat dit daaruit geblyk het dat hy nie soos talle ander dit wel doen, hierdie term gebruik om mense wat die Bybel as gesaghebbende Woord van God eer in 'n twyfelagtige lig te stel nie.

SKRYWER VAN ARTIKEL.

“DO UNTO OTHERS”

Dear Sir,

The world is contaminated with a disease, which, if not cured in time, will mean the destruction of mankind. The symptoms could be described by the words apathy, selfishness, fear, stubbornness, stupidity, unjustified desire for power and — worst of all — ignorance and deliberate blindness of the fact that all over the world one can find, in what should be the most treasured of books, the remedy which can cure that contagious disease, and that is “Do unto others”.

These words brought into action and made part and parcel of our every day life is a potent medicine, strengthened by two ingredients: there is no right without duties, no freedom without discipline.

The zero hour comes nearer and nearer. Let us start now, this very moment, to give full attention to the cure, so that we can look forward to a year that will continue to give us strength to shake off those symptoms and rebuild the world into a haven worthy of God's universe.

Yours sincerely,
MRS. CORRIE VAN DEN BOS.
Johannesburg.

LETTER OF THANKS FROM THE MOULDERS

The Rev. James E. Moulder writes from Oxford:

“Shirley, Chops and I wish to thank each one of you for your generosity and kindness to us. Without your help it would not have been possible for us to come to Oxford — something we have wanted to do for a long time and which, we hope, will equip us more adequately for our work in South Africa. The grace of our Lord, Jesus, be with you all. And, once again — thank you very much for your generous gifts.”

REQUEST TO DR. J. D. VORSTER

In a letter to **Die Burger** (30/11/65), parts of which were quoted by **Die Beeld** (5/12/65), Dr. J. D. Vorster, Minister of the Congregation of Tafelberg, Cape Town, and actuary of the Synod of the Dutch Reformed Church, made the assertion that the Church unmasked the Christian Institute and **Pro Veritate** as a "front-organization of the enemy of our policy".

In the light of the fact that the word "front-organization" has a connotation which is remindful of communistic activities, and since many accept the integrity of **Pro Veritate** and the Institute because they know nothing more about them than that they are respectively a Christian journal and a Christian organization with the sole aim of being of service to an increasing obedience to God and His Word in our national life, the Directors and Editors of **Pro Veritate** and the Executive Committee of the Christian Institute make the following request to Dr. Vorster:

Will Dr. Vorster, as a minister of the Dutch Reformed Church on whose shoulders rests a special responsibility and who holds a special position of trust, also show his responsibility towards many well meaning Christians who are members of the Institute and supporters of **Pro Veritate**, by answering the following questions:

1. Where and when did the Dutch Reformed Church unmask the Christian Institute and **Pro Veritate** as a front-organization of whatever political, outside-the-church, anti-church or non-Christian movement or ideology?
2. Where and when did the Dutch Reformed Church find that the Christian Institute and **Pro Veritate** aim at or do anything else than being of service in the realization of the command of Christ?
3. Which authoritative body of the Dutch Reformed Church came to such a finding and on what grounds?
4. Has the Dutch Reformed Church, or any commission appointed by it, ever made an investigation into the Christian Institute and **Pro Veritate** by studying all the material, which would willingly be made available for such study?

If Dr. Vorster can throw any light on these questions and can support his assertions with facts, he would do a service to many who in good faith are supporters of the Christian Institute and **Pro Veritate**, and which he, if he possesses such information, owes to them for Christ's sake.

If Dr. Vorster cannot substantiate his assertion, then it must be dismissed as the greatest irresponsibility, which is unworthy of any official of the Church, who has been given special responsibility.

VERSOEK AAN DR. J. D. VORSTER

In 'n brief aan **Die Burger** (30/11/65) waaruit aangehaal is in **Die Beeld** (5/12/65), het dr. J. D. Vorster, predikant van die gemeente Tafelberg, Kaapstad en actuarius van die Sinode van die Ned. Geref. Kerk in die Kaap en van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk, die bewering gemaak dat die Kerk die Christelike Instituut en **Pro Veritate** ontmasker het as "n front-organisasie van die vyande van ons beleid".

Die Direksie en Redaksie van **Pro Veritate** en die Uitvoerende Komitee van die Christelike Instituut wil, in die lig van die feit dat die woord "front-organisasie" steeds in ons tyd 'n konnotasie het wat aan kommunistiese bedrywighede herinner, maar veral ook ter wille van die feit dat die integriteit van **Pro Veritate** en die Instituut deur talle aanvaar word omdat hulle niks anders daarvan weet as dat dit 'n Christelike blad en 'n Christelike organisasie is wat niks anders beoog as om aan 'n toenemende gehoorsaamheid aan God en sy Woord in ons volkslewe diensbaar te wees nie, die volgende versoek aan dr. Vorster rig:

Sal dr. Vorster, as 'n leraar van die Ned. Geref. Kerk op wie daar 'n besondere verantwoordelikheid rus en wat 'n besondere vertrouensposisie beklee, sy verantwoordelikheid teenoor talle welmenende Christene wat lede van die Instituut en ondersteuners van **Pro Veritate** is, ook hierin laat blyk deur antwoorde op die volgende vrae te verstrek:

1. Waar en wanneer het die Ned. Geref. Kerk die Christelike Instituut en **Pro Veritate** ontmasker as 'n front-organisasie van watter politieke, buite-kerklike, anti-kerklike of nie-Christelike beweging of ideologie ook al?
2. Waar en wanneer het die Ned. Geref. Kerk bevind dat die Christelike Instituut en **Pro Veritate** iets anders beoog en doen as om diensbaar te wees aan die aktualisering van die gebod van Christus?
3. Watter gesagdraende instansie van die Ned. Geref. Kerk het tot so 'n bevinding geraak, en op grond waarvan?
4. Het die Ned. Geref. Kerk of enige kommissie deur hom daartoe aangewys, al ooit 'n ondersoek ingestel na die Christelike Instituut en **Pro Veritate** met bestudering van alle stukke wat te enige tyd graag daarvoor beskikbaar gestel sal word?

Indien dr. Vorster op hierdie vrae duidelike lig kan werp en sy bewering met feitlike gegewens kan staaf, sal hy aan baie wat te goeder trou ondersteuners van die Christelike Instituut en **Pro Veritate** is, 'n diens bewys wat hy, as hy oor sodanige gegewens beskik, om Christus ontwil aan hulle verskuldig is.

Indien dr. Vorster sy bewering nie kan verantwoord nie, moet dit afgeskryf word as die uiterste onverantwoordelikheid wat enige ampsdraer van die Kerk wat met besondere verantwoordelikheid beklee is, geheel en al onwaardig is.